# HOOFSTUK 4

## EMPIRIESE ONDERSOEK

### 4.1 INLEIDING

Die begrip gemeenskapsonderwys is in Hoofstuk 2 bespreek. Daar is in besonderhede gekyk na die wyse waarop gemeenskapsonderwys in die praktyk geïmplementeer word, terwyl daar na die moontlike rol van die tegniese kollege verwys is. Bepaalde bestuursareas en bestuurstake wat verband hou met die implementering en aanbieding van gemeenskapsonderwys aan die tegniese kollege is in Hoofstuk 3 geïdentifiseer en bespreek.

Ten einde vas te stel hoe prinsipale en lektore die taak van die prinsipaal met betrekking tot gemeenskapsonderwys sien en om die huidige stand van gemeenskapsonderwys aan die tegniese kolleges wat in hierdie ondersoek ingesluit is, te bepaal, is 'n vraelys aan alle tegniese kolleges verbonde aan die voormalige Departement van Onderwys en Opleiding gestuur. Die vraelys is ook aangewend om die houding van prinsipale en lektore teenoor gemeenskapsonderwys te bepaal.

In hierdie hoofstuk word daar gekyk na die vraelys as sodanig, die administratiewe prosedures wat gevolg is ten tyde, voor en na die implementering van die vraelys, die populasie wat gebruik is in die ondersoek en die statistiese tegnieke wat gebruik is om die resultate te ontleed.

### 4.2 DIE VRAELYS

Die vraelys wat gebruik is, is 'n geslote, meerkeusige vraelys

waar die respondent op 'n vierpuntskaal sy/haar reaksie op 'n gegewe stelling weergee.

Twee vraelyste is vir hierdie doel ontwerp. Vraelys A is deur die prinsipale van die tegniese kolleges voltooi, terwyl Vraelys B deur die adjunkhoofde en afdelingshoofde van tegniese kolleges voltooi is.

Alle terugvoering is vertroulik hanteer. Die vraelyste was nie genommer nie. Die respondent is nie versoek om sy/haar naam of die naam van die tegniese kollege te verstrek nie. Vraelyste is in beide Afrikaans en Engels beskikbaar gestel.

## 4.3 DIE DOEL MET DIE VRAELYS

Die doel met die vraelys was drieledig:

(a) om te bepaal hoe die prinsipaal en lektore op bestuursvlak van die tegniese kollege die taak van die prinsipaal as koördineerder van gemeenskapsonderwys sien,

(b) om die huidige stand van gemeenskapsonderwys aan tegniese kolleges te bepaal, en

(c) om die houding van die prinsipaal en lektore op bestuursvlak ten opsigte van gemeenskapsonderwys te bepaal.

## 4.4 KONSTRUKSIE VAN DIE VRAELYS

Die vraelys is so bondig moontlik ontwerp om inligting oor

bepaalde bestuursareas en -take wat deur die literatuur gerugsteun word, te bekom.

### 4.4.1 Biografiese gegewens

Die biografiese gegewens het oor die volgende aspekte gehandel:

- **Ouderdom** (Die doel hiermee is om te bepaal watter invloed ouderdom het op die prinsipaal/lektor se siening oor die taak van die prinsipaal en houding teenoor gemeenskaps-onderwys. Aangesien die implementering van gemeenskaps-onderwys in 'n bestaande struktuur vernuwing en verandering impliseer, is die houding van die respondente teenoor gemeenskapsonderwys veral van belang.)

- **Kategorieindeling, posvlak, onderwyservaring en aard van aanstelling** (Hierdie aspekte hou verband met die respondent se posisie in die struktuur van die tegniese kollege. Die doel hiermee is om te bepaal watter invloed die posisie van die respondent het op sienings oor die taak van die prinsipaal, die stand van en houding teenoor gemeenskapsonderwys aan die tegniese kollege.)

### 4.4.2 Demografiese gegewens

Die doel met die demografiese gegewens is om te dien as breë agtergrond ten opsigte van bepaalde aspekte van die tegniese kolleges betrokke by die ondersoek.

Die demografiese gegewens het oor die volgende aspekte gehandel:

- **Ligging van die kollege** (Dit is aan prinsipale oorgelaat

om te besluit in watter gebied die kollege geleë is.)

- **Gradering van die kollege en die getal studente, voltydse ekwivalent** (Hierdie aspekte hou verband met die grootte van die tegniese kollege.)

- **Getal studente vir nie-formele onderwysprogamme** (Hierdie aspek hou verband met die omvang van die kurrikulum van die tegniese kollege.)

- **Formele onderrigprogramme** (Hierdie aspek hou ook verband met die omvang van die kurrikulum van die tegniese kollege.)

- **Bestaan en funksionering van die kollegeraad**

- **Getal onderwysposte op bestuursvlak** (Hierdie aspekte hou verband met die grootte van die kollege en die omvang van die menslike hulpbronne en bestuursonderbou wat tot die prinsipaal se beskikking is.)

### 4.4.3 Die taak van die prinsipaal met betrekking tot gemeenskapsonderwys

In hierdie afdeling is daar op bepaalde bestuursareas en bestuurstake soos in die literatuur geïdentifiseer, gekonsentreer:

- **Oorhoofse bestuur:** die formulering van beleid, kommunikasie met die gemeenskap en gemeenskaps-betrokkenheid (Vraelys A: Items B1, B2, B3; Vraelys B: Items D1, D2, D3).

- **Onderwysprogrambestuur:** behoeftebepaling, ontwerp van programme, reklame (Vraelys A: Items B4, B5, B6; Vraelys B: Items D4, D5, D6).

- **Hulpbronne:** koördineer, identifiseer, verseker maksimale benutting (Vraelys A: Items B7, B8, B9; Vraelys B: Items D7, D8, D9).

- **Organisering:** 'n spesifieke plek vir gemeenskapsonderwys in die organisasiestruktuur van die kollege (Vraelys A: Item B10; Vraelys B: Item D10).

- **Personeelbestuur:** skoling van personeel (Vraelys A: Item B11; Vraelys B: Item D11).

### 4.4.4 Die stand van gemeenskapsonderwys aan tegniese kolleges

Die volgende aspekte is in hierdie afdeling betrek:

- **Oorhoofse bestuur:** die formulering van beleid, kommunikasie met die gemeenskap en gemeenskapsbetrokkenheid (Vraelys A: Items C1, C2, C3, C10; Vraelys B: Items B1, B2, B3).

- **Onderwysprogrambestuur:** behoeftebepaling, programme op behoefte afgestem, reklame (Vraelys A: Items C4, C5, C8; Vraelys B: Items B4, B5, B6, B9).

- **Hulpbronne:** skakeling en koördinering, maksimale benutting van hulpbronne (Vraelys A: Items C6, C7; Vraelys B: Items B7, B8).

- **Personeelbestuur:** skoling van personeel (Vraelys A: Item C9; Vraelys B: Item B10).

- **Organisering:** 'n spesifieke plek vir gemeenskapsonderwys in die organisasiestruktuur van die kollege (Vraelys A: Item C11; Vraelys B: Item B11).

### 4.4.5 Houding teenoor gemeenskapsonderwys

Aspekte wat die houding van die prinsipaal en lektore teenoor gemeenskapsonderwys aandui, is in Vraelys A: Items D1 - D5 en Vraelys B: Items C1 - C5 behandel.

## 4.5 ADMINISTRATIEWE PROSEDURES

Die volgende administratiewe prosedures is gevolg:

- 'n Aantal DIALOG-rekenaarsoektogte is gedoen om literatuur oor gemeenskapsonderwys te bekom.
- Die vraelyste is in Engels vertaal en aan respondente wat so versoek het, beskikbaar gestel.
- Nadat die vraelyste deur die promotor goedgekeur is, is toestemming van die voormalige Departement van Onderwys en Opleiding verkry om die vraelyste aan tegniese kolleges onder die beheer van die betrokke departement te versprei.
- Die vraelyste is gedupliseer vir prinsipale, adjunkhoofde en afdelingshoofde van tegniese kolleges. Vraelyste is persoonlik aan 23 prinsipale van tegniese kolleges oorhandig en prinsipale is versoek om Vraelys B deur adjunkhoofde en afdelingshoofde in hulle kolleges te laat voltooi. Elke adjunkhoof en afdelingshoof is van 'n

koevert voorsien om vertroulikheid te verseker. Daar is ook 'n koevert beskikbaar gestel vir die gesamentlike terugversending van elke kollege se vraelyste. Dit is duidelik gestel dat deelnemers anoniem sal bly. Vraelyste is eers na die terugontvangs daarvan genommer. Elke kollege se vraelyste was deur 'n dekbrief vergesel.

Die vraelyste van 50% van die kolleges is voor die sperdatum ontvang. Briewe is aan al die prinsipale gestuur met die versoek om uitstaande vraelyste terug te besorg. Nadat daar steeds 'n beduidende aantal vraelyste uitstaande was, is al die prinsipale per telefoon versoek om die uitstaande vraelyste terug te besorg. Hierdie maatreëls was nodig om die uiteindelike persentasie terugvoer te verseker. (Die persentasies terugvoering ten opsigte van elke vraelys word in tabel 4.1 weergegee.)

- Nadat die vraelyste terugontvang is, is die data op die hoofraamrekenaar van die PU vir CHO ingelees.
- Briewe is aan die prinsipale gestuur om hulle vir hulle deelname te bedank.

## 4.6 POPULASIE

Aangesien daar slegs 24 tegniese kolleges onder die beheer van die voormalige Departement van Onderwys en Opleiding is, is daar vir die doeleindes van hierdie studie van al die tegniese kolleges in die departement gebruik gemaak. Die struktuur van die tegniese kolleges is ná die grondwetlike veranderinge (na die inwerkingtreding van die 1994-Grondwet van die RSA) in wese dieselfde; gevolglik beïnvloed die grondwetlike veranderinge nie die ondersoek nie.

Die navorser is tans 'n prinsipaal van een van die kolleges en word gevolglik nie by die ondersoek ingesluit nie.

Die populasie is dus al die prinsipale van die tegniese kolleges verbonde aan die voormalige Departement van Onderwys en Opleiding, sowel as adjunkhoofde (posvlakke 4 en 5) en afdelingshoofde (posvlak 3).

In tabel 4.1 word 'n aanduiding gegee van die aantal vraelyste wat uitgestuur is en die aantal vraelyste wat terugontvang is.

**TABEL 4.1 : AANTAL VRAELYSTE**

| | **Aantal uitgestuur** | **Aantal terugontvang** | **%** |
|---|---|---|---|
| Vraelys A | 23 | 18 | 78.3 |
| Vraelys B | 62 | 43 | 63,3 |

## 4.7 STATISTIESE TEGNIEKE EN PROSEDURES

### 4.7.1 Inleiding

Verskeie tegnieke is gebruik ten eindde die data te interpreteer en om die doelwitte soos in 1.5.3 uiteengesit te bereik. Die tegnieke en prosedures word vervolgens uiteengesit.

### 4.7.2 Bepaling van frekwensies

Die frekwensiepatroon van die data is met behulp van die FREQ-prosedure van SAS (SAS-Institute, 1985) bepaal. Hierdie statistiek is slegs beskrywend van aard (vergelyk 4.8). Die doel hiermee is om 'n beeld te kry van hoe daar op die vrae in die

onderskeie vraelyste gerespondeer is. Daar word egter ook gevolgtrekkings uit die frekwensies gemaak.

### 4.7.3 Bepaling van effekgroottes

Ten einde die verskil in sienings van die prinsipale en die adjunk- en afdelingshoofde te bepaal is die effekgroottes bepaal. Vir elke groep is die gemiddeldes met behulp van die MEANS-prosedure van SAS bepaal. Daarna is die standaardafwyking vir elke groep bepaal en uiteindelik die effekgroottes (vergelyk Cohen, 1977:8 e.v.). Die formule wat vir die berekening van die effekgroottes gebruik is, is:

$$d=\frac{(X_1-X_2)}{S}$$

waar $X_1$ die gemiddelde van een groep respondente (prinsipale) verteenwoordig en $X_2$ die gemiddelde van die tweede groep respondente (adjunk- en afdelingshoofde). *S* in die formule is die gemiddeld van die twee groepe se standaardafwykings.

Nadat die d-waardes bereken is, is die volgende afsnypunte gebruik om die effek of verskille tussen die gemiddeldes van die groepe aan te dui:

d = 0,2 Klein effek
d = 0,5 Medium effek
d = 0,8 Groot effek.

## 4.8 INTERPRETASIE VAN STATISTIESE DATA

Die frekwensiepatroon van die onderskeie afdelings van Vraelys

A (vgl. Bylae A) en Vraelys B (vgl. Bylae B) word vervolgens gegee.

### 4.8.1 Biografiese gegewens oor prinsipale

Die biografiese gegewens vir vraag A1 wat handel oor die ouderdom van die prinsipale, word in Tabel 4.2 (vgl. Vraelys A, Bylae A) gegee. Die biografiese gegewens vir vrae A2, A3, A4, A5, A6 en A7 (vgl. Vraelys A, Bylae A) wat betrekking het op die kwalifikasies, kategorie-indeling, posvlak, ondervinding en die aard van aanstelling word in Tabel 4.3 weergegee.

**TABEL 4.2 GEGEWENS OOR PRINSIPALE: PERSOONLIK (Vraag A1)**

| OUDERDOM | f | % |
|---|---|---|
| 20 - 25 | 0 | 0 |
| 26 - 34 | 0 | 0 |
| 35 - 44 | 7 | 38,9 |
| 45 - 54 | 10 | 55,5 |
| 55 - 60 | 1 | 5,6 |
| 61 -+ | 0 | 0 |
| Nie beantwoord | 0 | 0 |
| Totaal | 18 | 100 |

Wat die ouderdomsgroepe van die prinsipale betref, blyk dit dat die meerderheid prinsipale (94,4%) in die groep 35-54 val, met slegs 1 prinsipaal in die ouderdomsgroep 55-60 (vergelyk Tabel 4.2).

**TABEL 4.3 GEGEWENS OOR PRINSIPALE: KWALIFIKASIES, ONDERVINDING EN AANSTELLING**

| **HOOGSTE KWALIFIKASIE (Vraag A2)** | **f** | **%** |
|---|---|---|
| Nasionale Diploma + Onderwysdiploma | 8 | 44,5 |
| Graad + Onderwysdiploma | 4 | 22,2 |
| B.Ed.of Honneursgraad | 6 | 33,3 |
| M.- graad | 0 | 0,0 |
| D.- graad | 0 | 0,0 |
| Nie beantwoord | 0 | 0,0 |
| Totaal | 18 | 100 |
| **KATEGORIE-INDELING (Vraag A3)** | **f** | **%** |
| C | 0 | 0,0 |
| D | 4 | 22,2 |
| E | 9 | 50,0 |
| F | 5 | 27,8 |
| G | 0 | 0,0 |
| Nie beantwoord | 0 | 0,0 |
| Totaal | 18 | 100 |
| **POSVLAK (vraag A4)** | **f** | **%** |
| 3 | 1 | 5,6 |
| 4 | 7 | 38,8 |
| 5 | 9 | 50,0 |
| 6 | 1 | 5,6 |
| Nie beantwoord | 0 | 0,0 |
| Totaal | 18 | 100 |
| **JARE VOLTOOIDE ONDERWYSDIENS AAN 'n TEGNIESE KOLLEGE (Vraag A5)** | **f** | **%** |
| 1 | 1 | 5,6 |
| 2 | 0 | 0,0 |
| 3-5 | 0 | 0,0 |
| 6-10 | 3 | 16,6 |
| 11-15 | 8 | 44,5 |
| 16-20 | 3 | 16,6 |
| 21+ | 3 | 16,6 |
| Nie beantwoord | 0 | 0,0 |
| Totaal | 18 | 100 |

**TABEL 4.3 (Vervolg)**

| VOLTOOIDE JARE AS PRINSIPAAL VAN 'n TEGNIESE KOLLEGE (Vraag A6) | f | % |
|---|---|---|
| 1 | 8 | 44,5 |
| 2 | 3 | 16,6 |
| 3-5 | 1 | 5,6 |
| 6-10 | 5 | 27,8 |
| Nie beantwoord | 1 | 5,6 |
| Totaal | 18 | 100 |
| **AARD VAN AANSTELLING (Vraag A7)** | **f** | **%** |
| Permanent | 12 | 66,7 |
| Waarnemend | 6 | 33,3 |
| Nie beantwoord | 0 | 0,0 |
| Totaal | 18 | 100 |

Die meeste prinsipale het 'n minimum van 6 voltooide jare onderwyservaring aan 'n tegniese kollege. Uit Tabel 4.3. blyk dit dat 94,3% van die prinsipale tussen 6 en 21 voltooide jare onderwysdiens aan 'n tegniese kollege het. Een prinsipaal het slegs een jaar ondervinding van tegniese kollege onderwys (vgl. Tabel 4.3.).

Wat ondervinding as prinsipaal betref, het 44,5% prinsipale slegs een jaar ondervinding terwyl slegs 27,8% prinsipale tussen 6 en 10 voltooide jare ervaring as prinsipaal het (vgl. Tabel 4.3.). Hoewel prinsipale ervare is in die tegniese kollege sektor, is dit opvallend dat 'n beduidende persentasie prinsipale min ervaring op prinsipaalsvlak het.

Dit is verder opvallend dat 33,3% prinsipale in 'n waarnemende hoedanigheid aangestel is (vergelyk Tabel. 4.3).

### 4.8.2 Biografiese gegewens oor adjunkhoofde en afdelingshoofde

Die biografiese gegewens oor die adjunk- en afdelingshoofde van die tegniese kolleges word in hierdie afdeling weergegee. Die biografiese gegewens wat handel oor die ouderdomme van die respondente (vgl. Vraag A1, Bylae B) word in Tabel 4.4 gegee. Biografiese gegewens in vraag A2, A3, A4, A5, A6, en A7 wat betrekking het op die kwalifikasies, kategorie-indeling, posvlak, onderwyservaring en aard van aanstelling word in Tabel 4.5 aangedui.

**TABEL 4.4 GEGEWENS OOR ADJUNKHOOFDE EN AFDELINGSHOOFDE: PERSOONLIK (Vraag A1)**

| OUDERDOM | f | % |
|---|---|---|
| 20-25 | 0 | 0,0 |
| 26-34 | 3 | 7,0 |
| 35-44 | 24 | 55,8 |
| 45-54 | 11 | 25,6 |
| 55-60 | 5 | 11,6 |
| Totaal | 43 | 100 |

Soos in die geval van die prinsipale val die meerderheid van die respondente (81,4%) in die ouderdomsgroep 35-54 jaar (vgl. Tabel 4.4).

**TABEL 4.5 GEGEWENS OOR ADJUNKHOOFDE EN AFDELINGSHOOFDE: KWALIFIKASIES, ONDERVINDING EN AANSTELLING**

| HOOGSTE KWALIKIKASIE (Vraag A2) | f | % |
|---|---|---|
| Nasionale Diploma + Onderwysdiploma | 21 | 48,8 |
| Graad + Onderwysdiploma | 11 | 25,6 |
| B.Ed. of Honneursgraad | 7 | 16,3 |
| M.- graad | 4 | 9,3 |
| D.- graad | 0 | 0,0 |
| Totaal | 43 | 100 |

TABEL 4.5 (Vervolg)

| **KATEGORIE-INDELING (Vraag A3)** | **f** | **%** |
|---|---|---|
| C | 0 | 0,0 |
| D | 18 | 41,9 |
| E | 14 | 32,6 |
| F | 9 | 20,9 |
| G | 1 | 2,3 |
| Nie beantwoord | 1 | 2,3 |
| Totaal | 43 | 100 |
| **POSVLAK (Vraag A4)** | **f** | **%** |
| 2 | 12 | 27,9 |
| 3 | 22 | 51,2 |
| 4 | 5 | 11,5 |
| 5 | 2 | 4,7 |
| Nie beantwoord | 2 | 4,7 |
| Totaal | 43 | 100 |
| **JARE VOLTOOIDE DIENS AAN 'n TEGNIESE KOLLEGE (Vraag A5)** | **f** | **%** |
| 1 | 0 | 0,0 |
| 2 | 1 | 2,3 |
| 3-5 | 1 | 2,3 |
| 6-10 | 16 | 37,2 |
| 11-15 | 15 | 34,9 |
| 16-20 | 3 | 7,0 |
| 21 + | 6 | 14,0 |
| Nie beantwoord | 1 | 2,3 |
| Totaal | 43 | 100 |
| **AANTAL JARE OP POSVLAK 2 EN HOëR AAN 'n TEGNIESE KOLLEGE (Vraag A6)** | **f** | **%** |
| 1 | 6 | 14,0 |
| 2 | 4 | 9,3 |
| 3-5 | 16 | 37,2 |
| 6-10 | 13 | 30,2 |
| 11-15 | 1 | 2,3 |
| 16-20 | 2 | 4,6 |
| 21 + | 0 | 0,0 |
| Nie beantwoord | 1 | 2,3 |
| Totaal | 43 | 100 |
| **AARD VAN AANSTELLING (Vraag A7)** | **f** | **%** |
| Permanent | 35 | 81,4 |
| Waarnemend | 7 | 16,3 |
| Nie beantwoord | 1 | 2,3 |
| Totaal | 43 | 100 |

Uit Tabel 4.4 blyk dit dat 93,1% van die adjunkhoofde en afdelingshoofde tussen 6 en 21 jaar voltooide onderwyservaring aan tegniese kolleges het, terwyl 37,1% tussen 6 en 20 jaar voltooide onderwyservaring op posvlak 2 en hoër aan 'n tegniese kollege het (vergelyk Tabel 4.4).

Die senior personeel aan die tegniese kolleges is dus gevestig in die bepaalde sektor van die onderwys. In aansluiting hierby en in teenstelling met die situasie van die prinsipale, is 81,4% van die respondente in hierdie geval permanent aangestel (vgl. Tabel 4.4).

### 4.8.3 Demografiese besonderhede oor prinsipale

**TABEL 4.6 GEGEWENS OOR PRINSIPALE : DEMOGRAFIES**

| **LIGGING VAN DIE KOLLEGE (Vraag B1)** | **f** | **%** |
|---|---|---|
| Stedelik | 12 | 66,7 |
| Semi-stedelik | 6 | 33,3 |
| Plattelands | 0 | 0,0 |
| Nie beantwoord | 0 | 0,0 |
| Totaal | 18 | 100 |
| **GRADERING VAN DIE KOLLEGE (Vraag B2)** | **f** | **%** |
| TK 3 | 0 | 0,0 |
| TK 4 | 5 | 27,8 |
| TK 5 | 9 | 50,0 |
| TK6 | 3 | 16,6 |
| Nie beantwoord | 1 | 5,6 |
| Totaal | 18 | 100 |
| **GETAL STUDENTE - VOLTYDSE EKWIVALENT (Vraag B3)** | **f** | **%** |
| 100 - 200 | 2 | 11,1 |
| 201 - 400 | 5 | 27,8 |
| 401 - 600 | 2 | 11,1 |
| 601 - 800 | 6 | 33,3 |
| 801 - 1000 | 1 | 5,6 |
| 1000 + | 2 | 11,1 |
| Totaal | 18 | 100 |

**TABEL 4.6 (Vervolg)**

| **GETAL STUDENTE VIR NIE-FORMELE ONDERWYSPROGRAMME:1993 (Vraag B4)** | **f** | **%** |
|---|---|---|
| 0 - 100 | 11 | 61,1 |
| 101 - 200 | 2 | 11,1 |
| 201 - 300 | 4 | 22,2 |
| 301 - 400 | 0 | 0,0 |
| 401 + | 0 | 0,0 |
| Nie beantwoord | 1 | 5,6 |
| Totaal | 18 | 100 |
| **FORMELE ONDERRIGPROGRAMME AANGEBIED (Vraag B5)** | **f** | **%** |
| Sakestudies | 17 | 94,4 |
| Geen Sakestudies | 1 | 5,6 |
| Nie beantwoord | 0 | 0,0 |
| Totaal | 18 | 100 |
| Ingenieurstudies | 17 | 94,4 |
| Nie beantwoord | 1 | 5,6 |
| Totaal | 18 | 100 |
| Algemene Studies | 7 | 38,8 |
| Geen Algemene Studies | 8 | 44,5 |
| Nie beantwoord | 3 | 16,7 |
| Totaal | 18 | 100 |
| Praktiese Opleiding | 15 | 83,4 |
| Geen Praktiese Opleiding | 3 | 16,6 |
| Nie beantwoord | 0 | 0,0 |
| Totaal | 18 | 100 |
| **KOLLEGERAAD (Vraag B6 en B7)** | **f** | **%** |
| Beskik oor 'n kollegeraad | 17 | 94,4 |
| Geen kollegeraad | 1 | 5,6 |
| Nie beantwoord | 0 | 0,0 |
| Totaal | 18 | 100 |
| Kollegeraad funksioneer: | | |
| Bevredigend | 15 | 83,4 |
| Nie bevredigend | 3 | 16,6 |
| Nie beantwoord | 0 | 0,0 |
| Totaal | 18 | 100 |

**TABEL 4.6 (Vervolg)**

| GETAL ONDERWYSPOSTE OP SENIOR EN BESTUURSVLAK (Vraag B8,B9,B19,B11) | f | % |
|---|---|---|
| **Senior lektor (Posvlak 2)** | | |
| 2-3 | 2 | 11,1 |
| 4-5 | 8 | 44,5 |
| 6-7 | 2 | 11,1 |
| 8-9 | 3 | 16,6 |
| 10+ | 2 | 11,1 |
| Nie beantwoord | 1 | 5,6 |
| Totaal | 18 | 100 |
| **Afdelingshoof (Posvlak 3)** | | |
| 1 | 2 | 11,1 |
| 2 | 11 | 61,1 |
| 3 | 4 | 22,2 |
| Nie beantwoord | 1 | 5,6 |
| Totaal | 18 | 100 |
| **Adjunkhoof (Posvlak 4)** | | |
| Ja | 11 | 61,1 |
| Nee | 7 | 38,9 |
| Totaal | 18 | 100 |
| **Senior Adjunkhoof (Posvlak 5)** | | |
| Ja | 3 | 16,6 |
| Nee | 15 | 83,4 |
| Totaal | 18 | 100 |

Die gradering van die kollege hou verband met die getal voltydse-ekwivalent studente wat by die kollege geregistreer is. Uit Tabel 4.6 blyk dit dat 61,1% van die kolleges meer as 400 voltydse-ekwivalent studente het, terwyl 38,9% van die kolleges minder as 400 studente het. Hierdie gegewens is besonder insiggewend as in aanmerking geneem word dat al die prinsipale aangedui het dat die kolleges in semi-stedelike of in stedelike gebiede geleë is.

Teen die agtergrond van die ooreenkoms tussen die nie-formele onderwysprogramme van die tegniese kollege en die afdeling vir gemeenskapsonderwys aan die gemeenskapskollege (vgl. 2.7.4), is die getal studente vir nie-formele onderwysprogramme insiggewend. In hierdie opsig is daar by 64,7% van die kolleges slegs 0-100

studente geregistreer, terwyl 23,5% van die kolleges aandui dat getalle tussen 301 en 400 geregistreer is. Een kollege het nie die vraag beantwoord nie.

Wat betref die kurrikulum, blyk dit dat sakestudies en ingenieurstudies die basiese kurrikulum van 94,4% van die kolleges uitmaak. Slegs 38,8% van die kolleges bied onderrigprogramme in algemene studies aan. Praktiese opleiding word by 83,4% van die kolleges aangebied, wat 'n aanduiding is van die fasiliteite wat by hierdie kolleges beskikbaar is (vgl. Tabel 4.5).

Kollegerade bestaan by 94,4% van die kolleges. Dit is insiggewend dat 83,4% van die respondente aandui dat hierdie rade bevredigend funksioneer (vgl. Tabel 4.4).

### 4.8.4 Gegewens oor gemeenskapsonderwys

Die response van die prinsipale, adjunkhoofde en afdelingshoofde word in die hieropvolgende tabelle weergegee.

**TABTABEL 4.7 PRINSIPALE: DIE TAAK VAN DIE PRINSIPAAL MET BETREKKING TOT GEMEENSKAPSONDERWYS**

| Vraag | Glad nie | | Geringe mate | | Redelike mate | | Baie groot mate | | Nie beantwoord | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % |
| B1. Formuleer kollegebeleid vir gemeenskapsonderwys | 0 | 0 | 2 | 11,1 | 11 | 61,1 | 5 | 27,8 | 0 | 0 | 18 | 100 |
| B2. Kommunikeer kollegebeleid aan die gemeenskap | 0 | 0 | 2 | 11,1 | 8 | 44,5 | 8 | 44,5 | 0 | 0 | 18 | 100 |
| B3. Betrek die gemeenskap (persone en organisasies) by gemeenskapsonderwys | 0 | 0 | 2 | 11,1 | 5 | 27,8 | 11 | 61,1 | 0 | 0 | 18 | 100 |
| B4. Behoeftebepaling van onderwys- en opleidings-behoeftes | 0 | 0 | 1 | 5,6 | 10 | 55,6 | 7 | 38,8 | 0 | 0 | 18 | 100 |
| B5. Ontwerp programme om behoeftes te hanteer | 0 | 0 | 6 | 33,3 | 8 | 44,5 | 4 | 22,2 | 0 | 0 | 18 | 100 |
| B6. Doen reklame vir gemeenskapsonderwys-programme | 0 | 0 | 4 | 22,2 | 5 | 27,8 | 9 | 50,0 | 0 | 0 | 18 | 100 |
| B7. Koördineer met ander instansies om duplisering te voorkom | 0 | 0 | 3 | 16,6 | 5 | 27,8 | 10 | 55,5 | 0 | 0 | 18 | 100 |

**TABEL 4.7 (Vervolg)**

| Vraag | Glad nie | | Geringe mate | | Redelike mate | | Baie groot mate | | Nie beantwoord | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % |
| B8. Identifiseer hulpbronne (menslik, fisies en finansieel) in die gemeenskap | 0 | 0 | 1 | 5,6 | 13 | 72,2 | 4 | 22,2 | 0 | 0 | 18 | 100 |
| B9. Verseker dat fasiliteite van die kollege maksimaal benut word | 0 | 0 | 0 | 0 | 3 | 16,7 | 15 | 83,3 | 0 | 0 | 18 | 100 |
| B10. Ken 'n spesifieke plek toe vir gemeenskaps-onderwys in die organisasiestruktuur van die kollege | 0 | 0 | 2 | 11,1 | 2 | 11,1 | 14 | 77,8 | 0 | 0 | 18 | 100 |
| B11. Skoling van personeel ten opsigte van gemeenskapsonderwys | 0 | 0 | 2 | 11,1 | 10 | 55,6 | 6 | 33,3 | 0 | 0 | 18 | 100 |

**TABEL 4.8 ADJUNKHOOFDE EN AFDELINGSHOOFDE: DIE TAAK VAN DIE PRINSIPAAL MET BETREKKING TOT GEMEENSKAPSONDERWYS**

| Vraag | Glad nie | | Geringe mate | | Redelike mate | | Baie groot mate | | Nie beantwoord | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % |
| D1. Formuleer kollegebeleid vir gemeenskapsonderwys | 1 | 2,3 | 4 | 9,3 | 14 | 32,6 | 24 | 55,8 | 0 | 0 | 43 | 100 |
| D2. Kommunikeer kollegebeleid aan die gemeenskap | 2 | 4,7 | 4 | 9,3 | 9 | 20,9 | 28 | 65,1 | 0 | 0 | 43 | 100 |
| D3. Betrek die gemeenskap (persone en organisasies) by gemeenskapsonderwys | 0 | 0 | 2 | 4,7 | 7 | 16,3 | 34 | 79,1 | 0 | 0 | 43 | 100 |
| D4. Behoeftebepaling | 1 | 2,3 | 8 | 18,6 | 10 | 23,3 | 23 | 53,5 | 1 | 2,3 | 43 | 100 |
| D5. Ontwerp programme op grond van behoeftes | 2 | 4,7 | 9 | 20,9 | 10 | 23,3 | 22 | 51,2 | 0 | 0 | 43 | 100 |
| D6. Doen reklame vir gemeenskapsonderwysprogramme | 0 | 0 | 6 | 14,0 | 9 | 20,9 | 28 | 65,1 | 0 | 0 | 43 | 100 |
| D7. Koördineer met ander instansies om duplisering te voorkom | 1 | 2,3 | 3 | 7,0 | 11 | 25,6 | 28 | 65,1 | 0 | 0 | 43 | 100 |
| D8. Identifiseer hulpbronne (menslik, fisies, finansieel) in die gemeenskap | 1 | 2,3 | 1 | 2,3 | 15 | 34,9 | 26 | 60,5 | 0 | 0 | 43 | 100 |

**TABEL 4.8 (Vervolg)**

| Vraag | Glad nie | | Geringe mate | | Redelike mate | | Baie groot mate | | Nie beantwoord | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % |
| D9. Verseker dat fasiliteite maksimaal benut word | 0 | 0 | 2 | 4,7 | 8 | 18,6 | 32 | 74,4 | 1 | 2,3 | 43 | 100 |
| D10. Ken 'n spesifieke plek toe vir gemeenskaps-onderwys in die organisasiestruktuur van die kollege | 0 | 0 | 1 | 2,3 | 9 | 20,9 | 33 | 76,7 | 0 | 0 | 43 | 100 |
| D11. Skoling van personeel ten opsigte van gemeenskapsonderwys | 0 | 0 | 5 | 11,6 | 8 | 18,6 | 30 | 69,8 | 0 | 0 | 43 | 100 |

Dit blyk dat 88,9% prinsipale die formulering van beleid vir gemeenskapsonderwys as taak van die prinsipaal bevestig (vgl. Tabel 4.7) terwyl die respons van 88,4% adjunkhoofde en afdelingshoofde hiermee ooreenstem (vgl. Tabel 4.8). Insiggewend is die feit dat 55,8% adjunkhoofde en afdelingshoofde beleidformulering in 'n baie groot mate as die taak van die prinsipaal sien, teenoor 27,8% van die prinsipale.

Kommunikasie van beleid aan die gemeenskap (vgl. Tabelle 4.7 en 4.8) word deur beide groepe se response beklemtoon (89,0% prinsipale en 86,0% adjunkhoofde en afdelingshoofde) sowel as die beginsel van gemeenskapsbetrokkenheid (88,9% prinsipale (vgl. Tabel 4.7) en 95,4% adjunkhoofde en afdelingshoofde (vgl. Tabel 4.8)) .

Wat betref behoeftebepaling, dui die gegewens daarop dat 94,3% prinsipale (vgl. Tabel 4.7) en 76,8% adjunkhoofde en afdelingshoofde (vgl. Tabel 4.8) die bepaling van behoeftes as 'n besondere taak van die prinsipaal sien. Die response van prinsipale op vraag B5 (vgl. Tabel 4.7) dui egter aan dat 66,7% prinsipale die ontwerp van programme om behoeftes aan te hanteer as taak van die prinsipaal beskou. Die afleiding kan gemaak word dat kolleges gevestigde kurrikula het en dat behoeftebepaling grootliks op die onderrigprogramme wat die kolleges reeds aanbied, gebaseer is. Adjunkhoofde en afdelingshoofde se response in hierdie opsig (vgl. Tabel 4.8) dui egter daarop dat 74,5% die ontwerp van programme as die taak van die prinsipaal beskou.

Die response van beide groepe bevestig reklame vir gemeenskapsonderwysprogramme: 77,8% in die geval van prinsipale (vgl. Tabel 4.7) en 86,0% adjunkhoofde en afdelingshoofde (vgl. Tabel 4.8). In hierdie opsig is dit merkbaar dat 22,2% prinsipale reklame in

'n geringe mate as taak van die prinsipaal beskou.

Wat betref koördinering met ander instansies om duplisering te voorkom, sien 83,3% prinsipale (vgl. Tabel 4.7) dit as taak van die prinsipaal, met 90,7% adjunkhoofde en afdelingshoofde (vgl. Tabel 4.8) wat ooreenstemmend antwoord.

Die response op vrae B8 en B9 (vgl. Tabel 4.7) sowel as vrae D8 en D9 (vgl. Tabel 4.8) dui daarop dat die identifisering van hulpbronne (vraag B8, D8) en die maksimale benutting van fasiliteite (vraag B9, D9) deur prinsipale en bestuurspersoneel van kolleges in 'n baie groot mate as taak van die prinsipaal gesien word.

Beide groepe bevestig dat die prinsipaal 'n spesifieke plek aan gemeenskapsonderwys in die organisasiestruktuur van die kollege moet toeken: 88,9% prinsipale (vgl. Tabel 4.7) en 97,6% adjunkhoofde en afdelingshoofde (vgl. Tabel 4.8).

Die skoling van personeel ten opsigte van gemeenskapsonderwys is volgens 88,8% prinsipale (vgl. Tabel 4.7) en 88,4% adjunkhoofde en afdelingshoofde die taak van die prinsipaal (vgl. Tabel 4.8).

**TABEL 4.9 PRINSIPALE: DIE STAND VAN GEMEENSKAPSONDERWYS AAN TEGNIESE KOLLEGES**

| Vraag | Glad nie | | Geringe mate | | Redelike mate | | Baie groot mate | | Nie beantwoord | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % |
| C1. U kollege beskik oor 'n kollegebeleid vir gemeenskapsonderwys | 4 | 22,2 | 2 | 11,1 | 5 | 27,8 | 5 | 27,8 | 2 | 11,1 | 18 | 100 |
| C2. Die kollegebeleid word aan die gemeenskap gekommunikeer | 3 | 16,7 | 5 | 27,8 | 9 | 50,0 | 1 | 5,6 | 0 | 0 | 18 | 100 |
| C3. Die gemeenskap is betrokke by die beplanning van gemeenskapsonderwysprogramme | 4 | 22,2 | 7 | 38,9 | 4 | 22,2 | 3 | 16,7 | 0 | 0 | 18 | 100 |
| C4. Behoeftebepaling word gedoen | 2 | 11,2 | 4 | 22,2 | 8 | 44,5 | 4 | 22,2 | 0 | 0 | 18 | 100 |
| C5. Programme word ontwerp om behoeftes te hanteer | 3 | 16,7 | 3 | 16,7 | 6 | 33,3 | 6 | 33,3 | 0 | 0 | 18 | 100 |
| C6. U het skakeling met ander organisasies en instansies om duplisering van programme te voorkom | 4 | 22,2 | 6 | 33.3 | 5 | 27,8 | 3 | 16,7 | 0 | 0 | 18 | 100 |
| C7. Beskikbare fasiliteite word maksimaal benut | 2 | 11,1 | 4 | 22,2 | 9 | 50,0 | 3 | 16,7 | 0 | 0 | 18 | 100 |
| C8. Die kollege doen reklame vir sy gemeenskapsonderwys-programme | 4 | 22,2 | 3 | 16,7 | 7 | 38,9 | 4 | 22,2 | 0 | 0 | 18 | 100 |

**TABEL 4.9 (Vervolg)**

| Vraag | Glad nie | | Geringe mate | | Redelike mate | | Baie groot mate | | Nie beantwoord | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % |
| C9. Die kollegepersoneel is vertroud met die beginsels onderliggend aan gemeenskapsonderwys | 1 | 5,6 | 7 | 38,9 | 8 | 44,5 | 2 | 11,1 | 0 | 0 | 18 | 100 |
| C10. Die breë gemeenskap word verteenwoordig op die kollegeraad | 1 | 5,6 | 4 | 22,2 | 6 | 33,3 | 7 | 38,9 | 0 | 0 | 18 | 100 |
| C11. Gemeenskapsonderwys beklee 'n eie plek in die organisasie-struktuur van die kollege | 3 | 16,7 | 1 | 5,6 | 7 | 38,9 | 7 | 38,9 | 0 | 0 | 18 | 100 |

**TABEL 4.10 ADJUNKHOOFDE EN AFDELINGSHOOFDE: DIE STAND VAN GEMEENSKAPSONDERWYS AAN TEGNIESE KOLLEGES**

| Vraag | Glad nie | | Geringe mate | | Redelike mate | | Baie groot mate | | Nie beantwoord | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % |
| B1. U kollege het 'n beleid vir gemeenskapsonderwys | 1 | 2,3 | 7 | 16,3 | 19 | 44,2 | 15 | 34,9 | 1 | 2,3 | 43 | 100 |
| B2. U is vertroud met die beginsels van die beleid | 2 | 4,7 | 4 | 9,3 | 21 | 48,8 | 15 | 34,9 | 1 | 2,3 | 43 | 100 |
| B3. Die gemeenskap is betrokke by die beplanning van gemeenskapsonderwys | 7 | 16,3 | 12 | 27,9 | 16 | 37,2 | 7 | 16,3 | 1 | 2,3 | 43 | 100 |
| B4. Behoeftebepaling word gedoen | 3 | 7,0 | 9 | 20,9 | 17 | 39,5 | 13 | 30,2 | 1 | 2,3 | 43 | 100 |
| B5. Die kollege beskik oor die hulpbronne om behoefte-bepaling te doen | 4 | 9,3 | 14 | 32,6 | 18 | 41,9 | 6 | 14,0 | 1 | 2,3 | 43 | 100 |
| B6. Programme word ontwikkel op grond van behoeftebepaling | 3 | 7,0 | 12 | 27,9 | 15 | 34,9 | 12 | 27,9 | 1 | 2,3 | 43 | 100 |
| B7. Die kollege skakel met ander organisasies en instansies om duplisering te voorkom | 7 | 16,3 | 6 | 14,0 | 18 | 41,9 | 12 | 27,9 | 0 | 0 | 43 | 100 |
| B8. Die kollege se hulpbronne (menslik, fisies, finansieel) word maksimaal benut | 2 | 4,7 | 5 | 11,6 | 21 | 48,8 | 15 | 34,9 | 0 | 0 | 43 | 100 |

**TABEL 4.10 (Vervolg)**

| Vraag | Glad nie | | Geringe mate | | Redelike mate | | Baie groot mate | | Nie beantwoord | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % |
| B9. Die kollege doen reklame vir sy gemeenskaps-onderwysprogramme | 0 | 0 | 10 | 23,3 | 18 | 41,9 | 15 | 34,9 | 0 | 0 | 43 | 100 |
| B10. Die kollegepersoneel is vertroud met die beginsels van gemeenskapsonderwys | 0 | 0 | 15 | 34,9 | 20 | 46,5 | 8 | 18,6 | 0 | 0 | 43 | 100 |
| B11. Gemeenskapsonderwys realiseer by u kollege | 1 | 2,3 | 12 | 27,9 | 25 | 58,1 | 4 | 9,3 | 1 | 2,3 | 43 | 100 |

Wat betref die formulering van kollegebeleid vir gemeenskapsonderwys, dui 55,6% (vgl. Tabel 4.9) prinsipale aan dat die kollege wel oor 'n beleid beskik. Vier prinsipale (22,2%) dui aan dat hulle kolleges glad nie 'n beleid vir gemeenskapsonderwys het nie en 2 kolleges (11,1%) het slegs in 'n geringe mate 'n beleid (vgl. Tabel 4.9). Hierteenoor dui 79,1% adjunkhoofde en afdelingshoofde aan dat die kollege wel oor 'n beleid beskik (vgl. Tabel 4.10) terwyl 83,7% van die respondente in hierdie groep aandui dat hulle in 'n redelike mate (48,8%) tot 'n baie groot mate (34,9%) vertroud is met die beginsels van die beleid. Beleid word in 'n redelike mate (50,0%) aan die gemeenskap gekommunikeer (vgl. Tabel 4.9).

Volgens 38,8% van die prinsipale is die gemeenskap betrokke by die beplanning van gemeenskapsonderwysprogramme (vgl. Tabel 4.9), terwyl 53,5% van die adjunkhoofde en afdelingshoofde aandui dat die gemeenskap betrokke is by die beplanning van gemeenskapsonderwys (vgl. Tabel. 4.10). Hierdie response is insiggewend in die lig van die siening van die betrokke groepe oor die taak van die prinsipaal om die gemeenskap te betrek by gemeenskapsonderwys (vgl. Tabelle 4.7 en 4.8).

Volgens die response van die prinsipale word behoeftebepaling in 'n redelike mate by 44,5% en in 'n baie groot mate by 22,2% kolleges gedoen (vgl. Tabel 4.9). Die response van adjunkhoofde en afdelingshoofde op die ooreenstemmende vrae dui op 39,5% en 30,2% respektiewelik (vgl. Tabel 4.10). Wat betref die ontwerp van programme om behoeftes aan te vervul, dui 66,6% van die prinsipale aan dat programme wel ontwerp word om sodanige behoeftes aan te pak (vgl. Tabel 4.9) terwyl 62,8% van die adjunkhoofde en afdelingshoofde aandui dat programme ontwerp word op grond van behoeftebepaling (vgl. Tabel 4.10). Wat betref

behoeftebepaling dui 41,9% adjunkhoofde en afdelingshoofde aan dat die kollege nie oor die hulpbronne beskik om behoeftebepaling uit te voer nie (vgl. Tabel 4.10).

Daar is 'n opvallende verskil in die response ten opsigte van skakeling met ander organisasies en instansies met die doel om duplisering te voorkom. Terwyl slegs 44,5% prinsipale aandui dat daar wel skakeling met ander organisasies en instansies is om die duplisering van programme te voorkom (vgl. Tabel 4.9), dui 69,8% adjunkhoofde en afdelingshoofde aan dat soortgelyke skakeling wel bestaan (vgl. Tabel 4.10).

Wat betref die maksimale benutting van fasiliteite dui 66,6% van die prinsipale aan dat beskikbare fasiliteite maksimaal benut word (vgl. Tabel 4.9). Adjunkhoofde en afdelingshoofde se response (83,7% van die totale response (vgl. Tabel 4.10)) dui egter aan dat die kolleges se hulpbronne maksimaal benut word.

Reklame vir gemeenskapsonderwys word volgens prinsipale se response in 'n redelike mate by 38,9% van die kolleges en in 'n baie groot mate by 22,2% van die kolleges gedoen; in totaal dus 61,0% (vgl. Tabel 4.9). Die ooreenstemmende response deur adjunkhoofde en afdelingshoofde dui op onderskeidelik 41,9% en 34,9%; in totaal 76,8% (vgl. Tabel 4.10).

Prinsipale van 55,6% van die kolleges dui aan dat personeel van die kollege vertroud is met die beginsels van gemeenskapsonderwys (vgl. Tabel 4.9) terwyl 65.1% afdelingshoofde van adjunkhoofde bevestig dat die personeel van kolleges op hoogte is met die beginsels van gemeenskapsonderwys (vgl. Tabel 4.10).

Volgens prinsipale van 33,3% van die kolleges word die breë

gemeenskap in 'n redelike mate op die kollegeraad verteenwoordig, terwyl 38,9% aandui dat die gemeenskap in 'n baie groot mate op die kollegeraad verteenwoordig word (vgl. Tabel 4.9).

Gemeenskapsonderwys beklee 'n eie plek in die organisasiestruktuur van die kollege in die geval van 77,8% van die kolleges (vgl. Tabel 4.10).

Uit 'n vergelyking van die response van prinsipale en bestuurspersoneel van tegniese kolleges ten opsigte van elke groep se siening van die taak van die prinsipaal en die huidige stand van gemeenskapsonderwys aan die kolleges, blyk dit dat daar verskille is tussen die *ideaal*, soos deur respondente beskou, en die *huidige stand* van gemeenskapsonderwys. Hierdie verskille sal in aanmerking geneem en oorweeg word wanneer aanbevelings gemaak word vir riglyne vir die implementering van gemeenskapsonderwys.

**TABEL 4.11 PRINSIPALE: HOUDING TEENOOR GEMEENSKAPSONDERWYS**

| Vraag | Baie negatief | | Negatief | | Redelik positief | | Baie positief | | Nie beantwoord | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % |
| D1. Gemeenskapsonderwys behoort deel van die missie van die tegniese kollege te wees | 0 | 0 | 0 | 0 | 3 | 16,6 | 15 | 83,4 | 0 | 0 | 18 | 100 |
| D2. Gemeenskapsonderwys behoort 'n sekondêre funksie van die tegniese kollege te wees | 0 | 0 | 4 | 22,2 | 6 | 33,3 | 7 | 38,8 | 1 | 5,6 | 18 | 100 |
| D3. Gemeenskapsonderwys benadeel die geloofwaardigheid van die tegniese kollege as onderwysinstelling | 7 | 38,8 | 4 | 22,2 | 4 | 22,2 | 2 | 11,1 | 1 | 5,6 | 18 | 100 |
| D4. Gemeenskapsonderwys dwing die tegniese kollege om op te veel terreine betrokke te wees | 3 | 16,6 | 5 | 27,8 | 6 | 33,3 | 3 | 16,6 | 1 | 5,6 | 18 | 100 |
| D5. Gemeenskapsonderwys bied die tegniese kollege geleentheid om 'n gemeenskapsdiens te lewer | 0 | 0 | 0 | 0 | 3 | 16,6 | 15 | 83,4 | 0 | 0 | 18 | 100 |

**TABEL 4.12 ADJUNKHOOFDE EN AFDELINGSHOOFDE: HOUDING TEENOOR GEMEENSKAPSONDERWYS**

| Vraag | Baie negatief | | Negatief | | Redelik positief | | Baie positief | | Nie beantwoord | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % |
| C1. Gemeenskapsonderwys behoort 'n funksie van die tegniese kollege te wees | 0 | 0 | 3 | 7,0 | 7 | 16,3 | 33 | 76,7 | 0 | 0 | 43 | 100 |
| C2. Gemeenskapsonderwys behoort 'n sekondêre funksie van die tegniese kollege te wees | 2 | 4,7 | 10 | 23,3 | 13 | 30,2 | 18 | 41,9 | 0 | 0 | 43 | 100 |
| C3. Gemeenskapsonderwys benadeel die geloofwaardigheid van die tegniese kollege as onderwysinstelling | 18 | 41,9 | 19 | 44,2 | 4 | 9,3 | 2 | 4,7 | 0 | 0 | 43 | 100 |
| C4. Gemeenskapsonderwys laat die tegniese kollege op te veel terreine beweeg | 5 | 11,6 | 17 | 39,5 | 17 | 39,5 | 4 | 9,3 | 0 | 0 | 43 | 100 |
| C5. Gemeenskapsonderwys bied die tegniese kollege die geleentheid om 'n gemeenskapsdiens te leweur | 0 | 0 | 2 | 4,7 | 5 | 11,6 | 36 | 83,7 | 0 | 0 | 43 | 100 |

Al die prinsipale, 100%, stem saam dat gemeenskapsonderwys deel van die missie van die tegniese kollege behoort te wees (vgl. Tabel 4.11). Adjunkhoofde en afdelingshoofde sluit hierby aan met 'n respons van 93,0% (vgl. Tabel 4.12). Wat betref prioriteit wat gemeenskapsonderwys as funksie van die tegniese kollege behoort te geniet, dui die respons (77,7%) van die prinsipale hoofsaaklik op 'n sekondêre funksie (vgl. Tabel 4.11) terwyl 72,2% adjunkhoofde en afdelingshoofde aandui dat gemeenskapsonderwys 'n sekondêre funksie is (vgl. Tabel 4.12).

Hoewel respondente dit dus eens is dat gemeenskapsonderwys deel van die missie van die tegniese kollege behoort te wees, blyk dit uit die response dat gemeenskapsonderwys egter 'n sekondêre funksie van die tegniese kollege behoort te wees.

Wat betref die invloed van gemeenskapsonderwys op die geloofwaardigheid van die tegniese kollege as onderwysinstelling, is die respons van 61,0% prinsipale negatief (vgl. Tabel 4.11). Die response van 86,1% adjunkhoofde en afdelingshoofde ten opsigte van vraag C3 (vgl. Tabel 4.12) is ook negatief. Die afleiding kan hieruit gemaak word dat prinsipale en bestuurspersoneel van mening is dat gemeenskapsonderwys nie die geloofwaardigheid van die kollege as onderwysinstelling negatief sal raak nie.

Ten opsigte van vraag D4 (vgl. Tabel 4.11) en vraag C4 (vgl. Tabel 4.12) dui 55,5% prinsipale en 48,8% adjunkhoofde en afdelingshoofde aan dat gemeenskapsonderwys die kollege dwing om op te veel terreine te beweeg.

Die response van beide groepe bevestig egter die feit dat gemeenskapsonderwys die tegniese kollege die geleentheid bied om 'n gemeenskapsdiens te lewer: 100% van die prinsipale (vgl. Tabel

4.11) en 95,5% adjunkhoofde en afdelingshoofde (vgl. Tabel 4.12).

Dit is moontlik dat die keuse en formulering van die vyf stellings in hierdie afdeling van die vraelys die respondente se waarskynlike reaksies kon beïnvloed het. Die respondente se reaksies kan egter van waarde wees om 'n aanduiding te gee oor die houding van prinsipale en bestuurspersoneel van die tegniese kolleges teenoor gemeenskapsonderwys.

### 4.8.5 Vergelyking tussen die response van prinsipale en adjunk- en afdelingshoofde

Die doel met die vraelys is

- om te bepaal hoe die prinsipaal, adjunkhoofde en afdelingshoofde die taak van die prinsipaal met betrekking tot gemeenskapsonderwys sien,
- om die huidige stand van gemeenskapsonderwys aan tegniese kolleges soos deur hierdie respondente ervaar, te bepaal sowel as
- om die houding van prinsipale en lektore teenoor gemeenskapsonderwys (vergelyk 1.5.2) vas te stel.

Ten einde sinvolle gevolgtrekkings te maak, word die response van hierdie twee groepe respondente met mekaar vergelyk (vgl.4.7)

**TABEL 4.13 : GEMIDDELDES VAN RESPONSE :**

**PRINSIPALE (Vergelyk Vraelys A)**

| VRAAG | N | GEMIDDELDE |
|---|---|---|
| BB1 | 18 | 3,17 |
| BB2 | 18 | 3,33 |
| BB3 | 18 | 3,50 |
| BB4 | 18 | 3,33 |
| BB5 | 18 | 2,89 |
| BB6 | 18 | 3,28 |
| BB7 | 18 | 3,39 |
| BB8 | 18 | 3,17 |
| BB9 | 18 | 3,83 |
| BB10 | 18 | 3,67 |
| BB11 | 18 | 3,22 |
| CI | 16 | 2,69 |
| C2 | 18 | 2,44 |
| C3 | 18 | 2,33 |
| C4 | 18 | 2,78 |
| C5 | 18 | 2,83 |
| C6 | 18 | 2,39 |
| C7 | 18 | 2,72 |
| C8 | 18 | 2,61 |
| C9 | 18 | 2,61 |
| C10 | 18 | 3,05 |
| C11 | 18 | 3,00 |
| **VRAAG** | **N** | **GEMIDDELDE** |
| D1 | 18 | 3,83 |
| D2 | 17 | 3,18 |
| D3 | 17 | 2,05 |
| D4 | 17 | 2,53 |
| D5 | 18 | 3,83 |

**TABEL 4.14 : GEMIDDELDES VAN RESPONSE : ADJUNKHOOFDE EN AFDELINGSHOOFDE (Vergelyk Vraelys B)**

| VRAAG | N | GEMIDDELDE |
|---|---|---|
| B1 | 42 | 3,14 |
| B2 | 42 | 3,17 |
| B3 | 42 | 2,55 |
| B4 | 42 | 2,95 |
| B5 | 42 | 2,62 |
| B6 | 42 | 2,86 |
| B7 | 43 | 2,81 |
| B8 | 43 | 3,14 |
| B9 | 43 | 3,12 |
| B10 | 43 | 2,84 |
| B11 | 42 | 2,76 |
| C1 | 43 | 3,70 |
| C2 | 43 | 3,09 |
| C3 | 43 | 1,77 |
| C4 | 43 | 2,47 |
| C5 | 43 | 3,79 |
| D1 | 43 | 3,42 |
| D2 | 43 | 3,47 |
| D3 | 43 | 3,74 |
| D4 | 42 | 3,31 |
| D5 | 43 | 3,21 |
| D6 | 43 | 3,51 |
| D7 | 43 | 3,53 |
| D8 | 43 | 3,53 |
| D9 | 42 | 3,71 |
| D10 | 43 | 3,74 |
| D11 | 43 | 3,58 |

**TABEL 4.15 DIE TAAK VAN DIE PRINSIPAAL :VERSKILLE TUSSEN PRINSIPALE EN ADJUNKHOOFDE EN AFDELINGSHOOFDE (d-waardes)**

**TABEL14.16**

TABEL14.17

#### 4.8.5.1 Die taak van die prinsipaal met betrekking tot gemeenskapsonderwys

Wanneer die response van prinsipale en lektore (adjunkhoofde en afdelingshoofde) met mekaar vergelyk word, blyk dit dat daar 'n klein effekgrootte ten opsigte van die volgende ooreenstemmende vrae is: B1/D1, B3/D3, B5/D5, B6/D6, B9/D9 (vgl. Tabel 4.15). Die siening van die prinsipale en lektore verskil dus in geringe mate van mekaar ten opsigte van hierdie aspekte as taak van die prinsipaal.

Die gemiddeldes van die response van die lektore is in die volgende gevalle groter as dié van die prinsipale (vgl. Tabelle 4.13, 4.14 en 4.15):

D1 (3,42) teenoor B1 (3,17) d-waarde -0,33
D3 (3,74) teenoor B3 (3,50) d-waarde -0,35
D5 (3,21) teenoor B5 (2,89) d-waarde -0,34
D6 (3,51) teenoor B6 (3,28) d-waarde -0,28

Bogenoemde dui daarop dat lektore hierdie aspekte, hoewel in geringe mate, meer beklemtoon as taak van die prinsipaal met betrekking tot gemeenskapsonderwys.

Ten opsigte van vraag B9/D9 is die effekgrootte 0,22 wat daarop dui dat die prinsipale hierdie aspek in 'n geringe mate meer beklemtoon as die lektore.

Medium effekgroote kom voor ten opsigte van twee vrae: B8/D8 en B11/D11.

Ten opsigte van B8/D8 is die gemiddeldes onderskeidelik 3,17 en

3,53 met 'n d-waarde van -0,55 (vgl. Tabelle 4.13 en 4.14). Die afleiding word hier gemaak dat die lektore die taak van die prinsipaal om hulpbronne in die gemeenskap te identifiseer in 'n groot mate meer beklemtoon as die prinsipale self.

Die gemiddeldes ten opsigte van B11/D11 is 3,22 en 3,58 onderskeidelik met 'n d-waarde van -0,51 (vgl. Tabelle 4.13, 4.14 en 4.15). Ook in hierdie opsig word die afleiding gemaak dat hierdie aspek as taak van die prinsipaal in 'n groot mate meer beklemtoon word deur lektore as deur die prinsipale.

#### 4.8.5.2 Die huidige stand van gemeenskapsonderwys aan tegniee kolleges

In hierdie afdeling is die response van prinsipale en lektore ten opsigte van 8 vrae met mekaar vergelyk (vgl. Tabel 4.16). Die d-waardes dui op klein effekgroottes ten opsigte van die volgende ooreenstemmende vrae: C1/B1, C3/B3, C6/B7, C7/B8, C8/B9, C9/B10.

'n Vergelyking van gemiddeldes en d-waardes van hierdie vrae dui op die volgende (vgl. Tabelle 4.13, 4.14 en 4.16):

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| C1 | (2,69) | teenoor | B1 | (3,14) | d-waarde -0,38 |
| C3 | (2,33) | teenoor | B3 | (2,55) | d-waarde -0,21 |
| C6 | (2,39) | teenoor | B7 | (2,81) | d-waarde -0,41 |
| C7 | (2,72) | teenoor | B8 | (3,14) | d-waarde -0,47 |
| C8 | (2,61) | teenoor | B9 | (3,12) | d-waarde -0,46 |
| C9 | (2,61) | teenoor | B10 | (2,84) | d-waarde -0,29 |

Dit blyk dat lektore in bogenoemde gevalle in 'n geringe mate (klein effek) met prinsipale verskil ten opsigte van die huidige stand van gemeenskapsonderwys aan tegniese kolleges. So ervaar

lektore dit in geringe mate meer as prinsipale dat die volgende aspekte ten opsigte van gemeenskapsonderwys aan die kolleges realiseer (vgl. Tabel 4.16):

- die kollege het 'n beleid vir gemeenskapsonderwys
- die gemeenskap is betrokke by die beplanning van gemeenskapsonderwysprogramme
- daar is skakeling met ander organisasies en instansies om duplisering van programme te voorkom
- beskikbare fasiliteite word maksimaal benut
- die kollege doen reklame vir sy gemeenskapsonderwysprogramme
- die kollegepersoneel is vertroud met die beginsels van gemeenskapsonderwys.

#### 4.8.5.3 Die houding van prinsipale en lektore teenoor gemeenskapsonderwys

Ten opsigte van die houding teenoor gemeenskapsonderwys blyk dit dat in 3 uit die 5 vrae waarop gerespondeer is, die prinsipale en lektore met mekaar saamstem: D2/C2, D4/C4, D5/C5 (vgl. Tabel 4.17).

Die gemiddeldes en d-waardes dui op klein effekgroottes ten opsigte van die volgende vrae (vgl. Tabelle 4.13, 4.14 en 4.17):

D1 (3,88) teenoor C1 (3,70) d-waarde 0,23
D3 (2,05) teenoor C3 (1,77) d-waarde 0,27

Uit bogenoemde blyk dit dat prinsipale in 'n geringe mate meer positief as die lektore is dat gemeenskapsonderwys wel 'n funksie van die tegniese kollege behoort te wees (vgl. Tabel 4.17, Vraag

D1/C1) hoewel beide groepe dit eens is dat gemeenskapsonderwys 'n sekondêre funksie van die kollege behoort te wees (vgl. Tabel 4.17, Vraag D2/C2). Prinsipale voel ook in 'n geringe mate meer as lektore dat gemeenskapsonderwys aan die tegniese kollege die geloofwaardigheid van die kollege as onderwysinstelling sal benadeel (vgl. Tabel 4.17, Vraag D3/C3).

## 4.9 SAMEVATTING

Die doel met hierdie hoofstuk was om (a) vas te stel hoe die prinsipale, adjunkhoofde en afdelingshoofde van tegniese kolleges die taak van die prinsipaal met betrekking tot gemeenskapsonderwys (as koördineerder van gemeenskapsonderwys) sien, (b) die huidige stand van gemeenskapsonderwys aan tegniese kolleges, soos ervaar deur prinsipale en lektore te bepaal en (c) om vas te stel wat die houding van prinsipale en lektore (adjunkhoofde en afdelingshoofde) teenoor gemeenskapsonderwys is.

Die taak van die prinsipaal word deur beide groepe bevestig deur die response soos saamgevat in Tabelle 4.7 en 4.8. Dit blyk verder dat prinsipale en bestuurspersoneel in 'n groot mate saamstem in hierdie opsig. In 2 gevalle blyk dit dat bestuurspersoneel die taak van die prinsipaal beduidend meer beklemtoon as die prinsipale self, naamlik die identifisering van hulpbronne en die skoling van personeel ten opsigte van gemeenskapsonderwys (vgl. 4.8.5.1).

Wat betref die huidige stand van gemeenskapsonderwys aan tegniese kolleges, word die response van die prinsipale en bestuurspersoneel in Tabelle 4.9 en 4.10 saamgevat. Dit blyk uit die response van beide groepe dat die aspekte van gemeenskapsonderwys, soos getoets deur die vraelyste (vgl. Vraelyste A en

B) in 'n redelike tot baie groot mate by die kolleges realiseer (vgl. 4.8.4 en 4.8.5.2).

Aspekte rakende die houding van prinsipale, adjunkhoofde en afdelingshoofde teenoor gemeenskapsonderwys word in Tabelle 4.11 en 4.12 saamgevat. Dit is duidelik dat die respondente saamstem dat gemeenskapsonderwys wel 'n funksie van die tegniese kollege behoort te wees, met 'n sterk aanduiding dat dit 'n sekondêre funksie moet wees. Die meerderheid respondente in beide groepe reageer negatief teenoor die stelling dat gemeenskapsonderwys die geloofwaardigheid van die kollege as onderwysinstelling sal benadeel, wat dus op 'n positiewe houding dui. Hoewel die respondente meen dat gemeenskapsonderwys die kollege die geleentheid bied om 'n gemeenskapsdiens te lewer, is daar ook 'n beduidende aantal respondente wat aandui dat gemeenskapsonderwys die kollege dwing om op te veel terreine betrokke te wees.